

*Dinsdag 12 Augustus*

**Skrifgedeelte: Psalm 139:1-24**

**Fokusgedeelte: Psalm 139:14**

**Die Skepper-God het my op 'n wonderbaarlike manier gemaak!**

Dit is vir ons duidelik dat Dawid deur God se alomteenwoordigheid en grootheid oorweldig is toe hy hierdie Psalm geskryf het. In verwondering besef hy dat niks voor die aangesig van ons Here verberg is nie. Waar ons is, waarheen ons reis, wat ons gaan sê, wat ons dink, dit wéét God! Ons kan nêrens wegkruip nie – nie eers in die donkerste duisternis nie, want ons Here wat die lig geskape het, ís die Lig wat die donkerte wegdryf. Ons kan ook nie ons sonde wegsteek nie ...

Omdat Dawid die Here ken en Hóm vertrou, bid hy hierdie wonderlike Psalm. Met lof getuig hy hoe wonderlik die Skepper die mens gemaak het. Met fyn borduurwerk het Hy ons gevorm en in die moederskoot – daar waar die lewe met bevrugting begin – Goddelik aanmekaargeweef. En dat God van elke dag van ons lewens weet!

Die Here is God. Hy ken sy skepping omdat Hy alles daarin self gemaak en die omvang daarvan bepaal het. Binne sy soewereine wil laat Hy alles toe om te gebeur wat gebeur. So ook die verlossende genade van ons Here Jesus Christus wat vir ons gestuur is, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê!

*Sing: Psalm 149-1:1, 2*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*